Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PrivaatsakX2038
OBERHOLZER,
2502
E-mail:
admin@dagbreek.co.za
Tel.: (018) 787 4171
Fax: (018) 787 4172
Website:www.laerskooldagbreek.co.za

OMSENDBRIEF 13/2019

5 November 2019

Geagte Ouers

Soos reeds genoem in brief gedateer 1 November 2019:

Ons ondervind jaarliks groot uitdagings met leerders wat tydens eksamentyd vroeg (voor 13:00) uitgeteken word. Om elke leerder oor die interkom te roep is baie steurend en maak onderrig baie moeilik.

Om die proses van uitteken te vergemaklik, is 'n reëling getref om leerders by verskillende hekke te laat uitteken. Dit skakel ook die probleem van baie mense in die voorportaal uit.

Ongelukkig het daar 'n verkeerde boodskap versprei.

Volgens Artikel 20(1)(f) van die Skolewet wat handel rondom skooltye, **MOET** die leerlinge skool bywoon. 'n Ouer mág sy kind vroeër uitteken en daarmee aanvaar u volle verantwoordelikheid vir die veiligheid en toesig van u kind.

Let asseblief daarop dat Graad R – Graad 3 klasonderrig normaal voortgaan. Hulle is besig om hulle finale Assesseringstake af te handel. Indien u hulle vroeër kom uitteken benadeel u, u eie kind deurdat u hom die reg ontneem om sy "eksamen" af te handel.

BAIE SKRYWES IS REEDS HIEROOR UITGESTUUR EN IS STEEDS OP DIE COMMUNICATOR. LEES GERUS WEER!

Ons probeer werklik om dit vir u as ouer so gerieflik moontlik te maak.

VANAF MÔRE, 6 NOVEMBER 2019, KAN **AL** DIE LEERLINGE (graad 4 tot 7) WIE SE OUERS HUL VROEëR **WIL** KOM HAAL, HULLE BY **HEK 15** TUSSEN 10:00 EN 10:30 KOM UITTEKEN.

Let asseblief daarop dat die graad 7 leerlinge môre nie voor 10:30 met hul Wiskunde vraestel gaan klaar wees nie.

Vriendelike groete

P.v. Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof